higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT

DAGSORGKOMMUNIKASIE N5

(5140225)

14 November 2018 (X-Vraestel)
09:00–12:00

OOPBOEKEKSAMEN

DRIE verwysingsbronne, wat EEN woordeboek insluit, word toegelaat.

Hierdie vraestel bestaan uit 7 bladsye en EEN bylae van 2 bladsye.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
DAGSORGKOMMUNIKASIE N5
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.

2. Lees AL die vrae aandagtig deur.

3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

4. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1: KOMMUNIKASIEBEGRIPPE

1.1 Dui aan of die volgende stellings WAAR OF ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.9) in die ANTWOORDBOEK neer. Korrigeer die stelling indien dit ONWAAR is.

1.1.1 Massakommunikasie is wanneer 'n toespraak by 'n konferensie gelewer word.

1.1.2 Interpersoonlike kommunikasie is wanneer media, soos koerante, gebruik word.

1.1.3 Intrapersoonlike kommunikasie is om met jou beste vriend te praat.

1.1.4 Niepersoonlike (‘extrapersonal’) kommunikasie is om met jou kat te praat.

1.1.5 Verbale kommunikasie is om liggaamstaal te gebruik om 'n boodskap oor te dra.

1.1.6 Nieverbale kommunikasie is wanneer 'n brief aan die pers geskryf word.

1.1.7 Kommunikasiehindernisse kom in 'n klaskamer voor.

1.1.8 Terugvoering is wanneer die sender 'n boodskap aan die ontvanger stuur.

1.1.9 Die kommunikasieproses is wanneer iemand in die kombuis met hom/haarself praat.

(9 × 2) (18)

1.2 Die artikel, ‘Die man wat geluk verkoop’ in die BYLAE (aangeheg), bevat SES voorbeelde van kommuniekasiekonsepte of –tipes, naamliks massakommunikasie, intrapersoonlike kommunikasie, nieverbale kommunikasie, die kommunikasieproses, verbale kommunikasie en niepersoonlike kommunikasie.

Gee TWEE geskikte voorbeelde van elk. (12)
[30]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 2: TAALVAARDIGHEDE

Verwys na die BYLAE (aangeheg) om hierdie vraag te beantwoord.

2.1 Skryf die volgende sinne in die indirekte rede oor:

2.1.1 'My prioriteite is baie anders as toe ek 'n prokureur was,' het Robin gesê.

2.1.2 'Soos soveel ander mense, het ek die trop gevolg,' het hy verduidelik.

(2 × 2) (4)

2.2 Die funksie van leestekens en hoofletters is om ons te help lees en skryf. Dit is die basiese samestelling van taal en verseker dat die boodskap nie verkeerd vertolk word nie.

Identifiseer enige TIEN leestekens uit die artikel en haal 'n voorbeeld van elk aan om jou antwoord in een sin te staaf. (10 × 2) (20)

2.3 Verduidelik die betekenis van elk van die volgende woorde soos dit in hierdie artikel verskyn:

2.3.1 Suits

2.3.2 Outeur

2.3.3 Passievol

2.3.4 Guru

2.3.5 Credits

(5 × 2) (10)

2.4 Proeflees die paragraaf hier onder. In die ANTWOORDBOEK, herskryf die sinne en onderstreep die verbeteringe wat jy aangebring het.

Wat is jou sleutel tot sukes? Dink jy jy moet hard daarvoor werk. Die enigste ding waaroor jy speit moet wees is dat jy nie met jou opvoedig vortgegaan het nie. Jy het lank gerys. (6)

[40]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 3: KORRESPONDENSIE EN GESKREWE WERK

3.1 Ontwerp 'n vertoonadvertensie vir jou instelling om die werkswinkel wat Mnr Robin Sharma volgende Saterdag om 14:00 gaan aanbied te adverteer. Hy gaan die studente toespreek oor hoe om in jou eie omgewing gelukkig te wees. Almal is welkom en die werkswinkel sal in die ouditorium by die kollege aangebied word. Onthou om die AIDA-beginsel te gebruik. (20)

3.2 Rig namens die Studenteraad van jou instelling 'n uitnodiging aan mnr Sharma. Mnr Sharma woon in Birk Street 6, Kent, LONDON, 1320. Die instelling sal vir sy retoervliegtuigkaartjie en drie nagte se akkommodasie in die Hilton Hotel op julle dorp betaal. Die dag van die werkswinkel sal vervoer vanaf die hotel na julle instelling vir mnr Sharma gereël word. Die werkswinkel sal om 18:00 eindig waarna die personeel mnr Sharma na 'n formele ete by die Hilton Hotel sal vergesel. Die gehoor sal bestaan uit studente, personeellede en belanghebbers uit die gemeenskap. (20)

3.3 Rig namens die Studenteraad van jou instelling 'n brief aan die pers waarin die publiek oor mnr Sharma se besoek ingelig word en dui aan watter waarde sy besoek vir alle Suid-Afrikaners inhou. Gebruik die BYLAE (aangeheg) vir agtergrondinligting. Jy mag jou brief aan enige tydskrif of koerant van jou keuse rig. (10)

[50]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 4: TEKSSTUDIES

4.1 Lees die gedig hier onder en beantwoord die vrae.

Hoe troos ek nou

Toe jy klein was, was dit maklik om jou
traantjies en jou hartseer weg te soen
Want 'n drukkie en 'n pleister kon so
baie aan jou baba seerkry doen
As 'n kleuter was jy spraaksaam en die
hoekoms en die waaroms altyd daar
Maar ek kon nog steeds verduidelik en 'n
antwoord vind op al jou duisend vrae

Deur die jare kon ek bystaan altyd maar
'n antwoord vind
In jou eerste grootmens-hartseer moet
ek jou nou faal my kind
Want jou ogies vra die vrae en as ek jou
teen my hou
Voel ek net soos jy verslae
Wonder net hoe troos ek nou.

Toe jy grootword was dit pragtig om te
sien hoe liefde in jou hart ontluik
Om te deel in jou jonkweesdrome as jy soms
so in die verte kyk
Maar dieselfde ogies draai na my en ek sien
daarin die hartseer van 'n vrou
Op die hoekoms en die waaroms het ek
net 'n vraag my kind:
Hoe troos ek nou?

4.1.1 Kies die korrekte antwoord en skryf slegs die antwoord langs die letter (A–D) in die ANTWOORDBOEK neer.

A " ... jou duisende vrae" is 'n voorbeeld van letterlike/figuurlike taalgebruik?
B "Voel ek net so verslae": Is dit 'n vergelyking/metafoor?
C Die digter is anoniem/sinoniem?
D "Toe jy klein **w**as, **w**as dit maklik …".is 'n voorbeeld van alliterasie/assonansie? (4)

Kopiereg voorbehou

4.1.2 Hoe het die mamma die baba getroos? (3)

4.1.3 Wat is die betekenis van die woord "jongkweesdrome" in die konteks van die gedig? (2)

4.1.4 Toon die duidelike ontwikkelingslyn/groei in die gedig deur middel van 'n skematiese voorstelling aan. (4 × 2) (8)

4.1.5 Noem die vraagwoorde wat in die gedig herhaal word. (2)

4.1.6 Wat is die funksie van repetisie/herhaling in die gedig? (1)

4.2 In jou eie woorde, beskryf in 'n kort paragraaf van VYF sinne waaroor die gedig handel. (5 × 2) (10)
[30]

VRAAG 5: KREATIEWE SKRYFWERK

5.1 Jy moet 'n kinderverhaal vir kinders van 5 tot 6 jaar oud skryf.

Watter TIEN elemente moet jy oorweeg voordat jy probeer om die verhaal te skryf? (10)

5.2 Noem enige TIEN negatiewe woorde of idees wat nooit in 'n kinderverhaal gebruik moet word nie. (10)
[20]

VRAAG 6: STUDIEVAARDIGHEDE

6.1 Lees die artikel in die BYLAE (aangeheg) weereens deur. Skep 'n breinkaart van die artikel en gebruik Robin Sharma as belangrikste sleutelwoord. (20)

6.2 Aan die einde van die werkswinkel sal die gehoor geleentheid kry om vrae te vra. Gebruik die BYLAE (aangeheg) vir agtergrondinligting en formuleer TIEN moontlike vrae wat die gehoor aan mnr Sharma mag vra. (10)
[30]

TOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou

BYLAE

DIE MAN WAT GELUK VERKOOP

Verbeel jou dat jy op ’n Maandagoggend wakker word en opgewonde is oor die week wat jou inwag by die werk of kollege. Verbeel jou dat jy passievol, gelukkig en entoesiasties is oor kollege, werk en al die ander dinge wat jy doen.

1. Klink dit verregaande? Vir baie mense, is kollege of werk moeilik, eerder as genot; iets wat hulle doen omdat hulle moet, nie omdat hulle daarvan hou nie. Daar is dus ’n manier om geluk in elke lewensgebied te vind, ongeag daarvan of jy ’n HUB (‘CEO’), ’n supermarkassistent, onderwyser, huishulp, student of winkeleienaar is.

2. Hierdie is die mening van ’n man wat glo dat hy weet wat die geheim tot geluk is: Mnr Robin Sharma, internasionale topverkoper outeur en leierskapguru. Die 47-jaar-oue outeur van self-help treffer: **Die monnik wat sy Ferrari verkoop het** gaan binnekort hierdie boodskap in ’n besoek aan Suid-Afrika versprei.

3. Mnr Sharma sal gasheer speel van ’n leierskapseminaar in Kaapstad en sy insigte deel gebaseer op sy boek: **Die leier wat nie ’n titel gehad het nie.**

4. Dit is die nuutste van sy 11 boeke, waarvan heelwat in 70 tale en in meer as 60 lande gepubliseer is.

5. Dit is belangrik vir mnr Sharma om daarop klem te lê dat sy seminare nie net op pakke gemik word nie. Hy het blykbaar al almal gehelp, van taksibestuurders tot bakkers tot entrepreneurs om hulle lewens te verander. Sy benadering is eenvoudig: Jy hoef nie heel bo aan die leer te wees om in kollege, by die werk of in jou persoonlike lewe of land gelukkig te wees nie.

6. Hy praat met ’n passie wat liefhebbers van sy boeke in sy skryfstyl sal herken. "Studies wys dat daardie mense wat R7 miljoen per jaar maak net effens gelukkiger as die bloukraagwerkers is. Ek glo dat meeste mense ongelukkig by die werk is omdat hulle van ’n baie jong ouderdom af aanraking met hulle talente verloor het; daardie dinge wat hulle van hou om te doen wat sprankel by hulle lewens voeg."

7. Hy glo dat jong mense deur die wêreld rondom hulle voorgeskryf word oor wat om te doen en begin dus die skare te volg en hulself te verraai. Een dag word hulle dan wakker en hulle is 50-jaar-oue dokters, onderwysers, prokureurs en besigheidsmense wat dalk baie geld gemaak het of suksesvol in die gemeenskap se oë is. Hulle moet dus hulself medies versorg met ure van televisie kyk of te veel alkohol drink.

8. Sy werkswinkelboodskap gaan oor ‘om te lei sonder ‘n titel’ in plaas van om die slagoffer te wees as jy nie gelukkig is nie. Hy bevorder die siening dat alles wat ’n persoon doen, ’n kans is om handwerk of ’n passie te volg, ‘n vaardigheid te poets of waarde vir ander mense te skep. Mense moet besef watter mag hulle het om om een of ander manier dié om hulle te beïnvloed.

Kopiereg voorbehou

9. Mnr Sharma het sy waardevolle les geleer omdat, soos sy karakter in sy boek, **Die monnik wat sy Ferrari verkoop het**, is hy groot gemaak om sukses en rykdom te jaag – maar was nie gelukkig nie. "Soos baie mense, het ek die trop gevolg. Ons lewe dieselfde dag vir 80 jaar en noem dit die lewe."

10. Hy skryf sy vermoë om weg te breek, ‘n beter lewe te kies en sy kennis te deel aan sy ouers. Hy skryf ook sy wysheid toe aan baie leeswerk, gereelde navorsing en om verskillende mense wat hoogs suksesvol en gelukkig is, regom die wêreld te leer ken. "My prioriteite is baie anders as toe ek ‘n prokureur was. Destyds het dit gegaan oor geld maak en om in die oë van ander mense te probeer goed lyk. Nou is ek minder geïntereseerd oor wat mens van my dink en stel meer belang om trou aan myself te wees," sê hy.

[Bron: Vertaal uit *You*-tydskrif, 14 Julie 2011]

Kopiereg voorbehou